

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

KEN SMITH

The changing past: trends in South African historical writing

Johannesburg: Southern Book Publishers

1988

240 pp.

R39,95 (GST excluded)

The serious neglect which research into South African historiography suffered in the past, has been redressed considerably over the past five years. Following Prof. Floors van Jaarsveld's *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede* (1984), and *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* (compiled by Johan Moll, Henning van Aswegen, John Benyon, Rodney Davenport, and Herman Giliomee) in 1987, Christopher Saunders produced his acclaimed *The making of the South African past* in 1988. Although these works focused only on some crucial issues such as the historical guilt question, intergroup-relations, and race and class they nevertheless represent considerable progress.

The year 1988 saw a further milestone with the publication of Ken Smith's *The changing past*, the first comprehensive survey in English of South African historiography. Smith aimed at providing an overall view of the main trends in South African historiography, in particular for use by students in historiography courses at universities. He further attempted to synthesize existing knowledge rather than come up with new interpretations or explicit judgements. Within this context Ken Smith produced an authoritative record of South African historiography. A further advantage is his ability to narrate a fluent and easily comprehensible analysis.

Following an introduction on the roots of historical writing – which includes examples ranging from accounts by travellers, missionaries and philanthropists to De Lima's earliest history – the second chapter deals with the two discontinued trends in the South African past, viz the British imperialist and the settler or colonial traditions. Perhaps not so relevant today, they nevertheless provide us with the indispensable backdrop against which the liberal and Afrikaner nationalist schools were forged after World War I. Smith's division of the three existing trends of historical writing apparently runs along paradigmatic (liberal and radical schools) and linguistic (Afrikaans historiography) lines.

Although one appreciates the problems of categorizing historians, and despite Smith's attempts at explaining his considerations, the inclusion of a category for nationalist historiography (including both Afrikaner and black nationalist writing) as Moll, *et al.* have done, would have been more sensible. In doing so, broad paradigmatic criteria could have been consistently applied to South African historiography. Is it not the historian's beliefs, convictions and philosophy of life, expressed in his scientific paradigm, that determine his historical approach?

Smith's treatment of the different schools and their foremost exponents bears testimony to extremely thorough reading and research. At the same time one could hardly have expected the author to be an authority on each and every writing of all historians and to give an authoritative evaluation of each of them. He therefore, to quite a large extent, made use of reviews and review articles. However, this method might be questioned, considering the fact that reviews provide a rare opportunity for some critics to portray their own, sometimes biased, judgements unchallenged.

Frequent shifts of emphasis, broadening and changing of paradigm, and sometimes even crises which occurred within the schools of thought, characterized the development of South African historiography. The liberal school was probably at its zenith during the 1920s to 1940s, subsequently declining after the National Party's victory at the polls in 1948, only to be revitalised with the appearance of the *Oxford History* (1969–1971). Although this two-volume work was planned as a new interpretation of South African history – greater space being devoted to black history and a fresh interdisciplinary approach – it ironically in the 1970s triggered the liberal school's biggest crisis with the radical challenge to conventional wisdom. Looking back, it seems as if the liberal school managed to survive this challenge, adapted itself and remained relevant, retaining some of the old liberal values. It is a pity that Smith does not pay more attention to the latter day so-called 'neo-liberals'.

The experience of the nationalist school was much more traumatic. Although the Afrikaner historians initially viewed the liberal-radical controversy from the sidelines (as Smith points out), the changing demands brought about by the broadening of the thematic and methodology in the 1970s precipitated a crisis within their ranks. This was aggravated by declining numbers of school and university students taking history as a subject, as well as the changing direction taken by traditional racialist Afrikaner nationalism in politics to a more accommodating philosophy. However, it does not seem to be a valid argument that Afrikaner historians in general lost their sense of direction and that the liberal-radical debate

did not make its mark among Afrikaners. Greater flexibility towards paradigmatic pluralism has taken root and is already evident amongst the younger generation of Afrikaner historians. Smith admits this; however, one would expect more on this issue than the references to Herman Giliomee's work. Admittedly, nationalist historiography can similarly not be regarded as outmoded and irrelevant to the present. The impact which the current rightwing backlash to the National Party will have on historians and historiography, as well as the increasing amount of black nationalist historical writing, is still to be seen.

Even the radical school underwent a considerable shift in emphasis in its short existence of about 20 years. The uncompromising structural Marxist approach of the early 1970s has for instance gradually given way to a more empirical social history approach. It is perhaps not too far-fetched to predict that the activist part of radical writing could also subside in the future after the achievement of some political goals. Although Smith provides a fairly detailed and somewhat uncritical account of the radical school, an evaluation could not have been expected as the meaning and impact of their ideas and work is still too contemporary to be put into perspective. It is perhaps sufficient to say that the radical school had, without doubt, a more far-reaching impact on South African historical writing than any other counterpart. The renewal brought about by their thematics, methodology and philosophy is unprecedented and led to an entire re-interpretation of the South African past.

In producing such a useful survey on South African historiography, Ken Smith not only served his academic discipline, fellow historians, students and everyone else interested in the South African past, but he also established himself as one of South Africa's leading historiographers. One can only hope that this experience gained by writing *The changing past* will inspire him to venture even further into this sometimes obscure and highly controversial branch of history, as much remains to be explored.

P.H.R. SNYMAN

Human Sciences Research Council, Pretoria

BERNARD LUGAN

Huguenots et Francais, ils ont fait l'Afrique du Sud

Parys: La Table Ronde

1988

206 pp.

Prys nie vermeld nie.

Die skrywer was professor in Geskiedenis van Afrika aan die Universiteit van Roenda en is tans hoogleraar in dié vak aan die Universiteit van Lyon, Frankryk. Hy het verskeie boeke en talle artikels gepubliseer, onder meer die wetenskaplik-joernalistieke boek *Histoire de l'Afrique du Sud* (1986), en het Suid-Afrika meermale vir navorsing besoek. Ook sy hier bespreekte boek oor die Franse in Suid-Afrika is joernalistiek van aard en onderhoudend geskryf en deur die Academie Francaise in Parys in 1988 met 'n toekenning bekroon.

Hoofstukke 1 en 2 behandel die Franse seereisigers en ontdekkers op weg na en in Suider-Afrika van die 16de tot en met die 18de eeu. Hoofstukke 3 tot 6 handel oor die vestiging van die Hugenote in die Kaapkolonie en hulle moeilikhede aldaar. Hoofstuk 7 handel oor die Franse wetenskaplike besoekers in die 18de eeu, onder wie die astronoom Louis de la Caille. Hoofstuk 8 gaan oor die Voortrekkerleier Pieter Retief met die Groot Trek as agtergrond. Hoofstuk 9 handel oor die reisigers en skrywers F. le Vaillant en A. Delegorgue. Lugan betwyfel tereg die betroubaarheid van sommige van Le Vaillant se reisverslae. Hoofstuk 10 bespreek die Protestantse en Rooms-Katolieke sendelinge en hulle groot invloed op die Basoetoe, wie se geskiedenis kortliks verhaal word. Hoofstuk 11 handel oor die openbare mening in Frankryk ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). In hierdie hoofstuk het Lugan twaalf Franse gedigte met lof vir die Boere opgeneem. Hoofstuk 12 vertel die verhaal van generaal G. de Villebois Mareuil, deur die Boere "Willeboers" en die "Franse kolonel" genoem. Hoofstuk 13 handel oor generaal P.J. Joubert en hoofstuk 14 oor Robert de Kersauson, ook "Robert die Fransman" genoem. Hoofstuk 14 bevat 'n waardevolle naamlys van Franse vrywilligers by die Boere.

Lugan haal talle paragrawe uit De Villebois Mareuil se oorlogsdagboek aan, maar hy verwys nie na Macnab se boek oor die Franse kolonel en na ander skrywers wat die kolonel se roem tereg aansienlik temper nie. Lugan is krities jeens Piet Joubert wat volgens hom geen goeie militêr was nie en weinig begrip vir moderne oorlogvoering gehad het. Hy bespreek in die hoofstuk oor generaal Joubert die Anglo-Zoeloeoorlog van 1879 en hoe die keiserlike prins Louis Napoleon in Zoeloeland gesneuwel het. Lugan is 'n uitgesproke pro-Boer.

Sy bibliografie vermeld 51 titels van Franse, 50 van Engelse en slegs twee van Afrikaanse skrywers. Sy boek stel die Franse in Suid-Afrika aan 'n talryke leserskring in Franstalige lande bekend.

C. DE JONG

Pretoria

J. DE VILLIERS

Die Cape Regiment, 1806-1817, 'n koloniale regiment in Britse diens.

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1989 I.

Pretoria: Die Staatsdrukker.

1989

277 pp.

R6,06 (AVB ingesluit)

J. de Villiers het reeds vroeër die geskiedenis van die Hottentotregimente aan die Kaap gedurende die tydperk 1781 tot 1806 ondersoek. Die resultaat van hierdie studie is in 1970 in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis II* gepubliseer. Die studie oor die Cape Regiment, wat as 'n opvolgwerk beskou kan word, is in sy oorspronklike vorm in 1983 as 'n proefskrif vir die graad D. Litt. et Phil aan die Universiteit van Suid-Afrika goedgekeur.

Die skrywer bespreek in hoofstuk een die Britse leer in die eerste twee dekades van die negentiende eeu as 'n agtergrondbeskouing waarteen die stigting van die Cape Regiment aan die Kaap gesien moet word. Daarna word verskillende aspekte van die Cape Regiment in opeenvolgende hoofstukke behandel, naamlik werwing en opkommandering, drostery en ontslag van soldate, wapentuig en kleding, asook behuising, onderhoud en opleiding van die Cape Regiment.

Hoofstuk sewe word gewy aan die verhouding tussen sendelinge van die Morawiese Genootskap en die Londense Sendinggenootskap met die Cape Regiment. Die aktiwiteite van die Cape Regiment ten opsigte van padbou, eskortwerk, bewakingsdienste en spesiale ekspedisies waaraan deelgeneem is, asook operasionele ontplooiing van die Regiment teen die Xhosas gedurende die Vierde Grensoorlog geniet in hoofstuk agt aandag. In hoofstuk nege word die negatiewe houding van burgers teenoor die Cape Regiment, met spesiale verwysing na die Slagtersnek-opstand (1815), bespreek. Die studie word afgesluit met 'n perspektiefbeskouing van die Cape Regiment.

Die publikasie is met sewentien illustrasies en kaarte aangevul. Hieronder is afbeeldings van verskeie Hottentotsoldate en -persoonlikhede, asook luitenant-kolonel John Graham, die eerste plaaslike bevelvoerder van die Cape Regiment. Die Kaapse skiereiland en omgewing, die Oosgrens (1806-1817), Grahamstad (1814) en die Slagtersnek-omgewing word met kaarte voorgestel.

Ses bylaes met vergelykende statistiek oor wapentuig en toebehore, klere en bykomstighede, officerswoning en getalsterkte is ook ingesluit.

'n Omvattende bronnelys tesame met kort kommentaar oor vindmiddels en 'n uitgebreide indeks van plek- en persoonsname is voorsien. 'n Interessante toevoeging tot die gebruikelike opsommings in Afrikaans en Engels is die uitgebreide opsommings in Duits, Frans en Xhosa.

Die publikasie is taalkundig, vakkundig en tegniese goed versorg. Die opvallendste tegniese tekortkoming is die illustrasie teenoor bladsy 106 wat omgekeerd gepubliseer is. Daarby kon die kaarte uit 'n visuele oogpunt beskou meer oorspronklik en interessanter aangebied gewees het.

Die skrywer merk tereg op dat regimentsgeskiedenis 'n belangrike komponent van militêre geskiedskrywing vorm en dat dit besondere eise aan die historikus stel. De Villiers slaag uitmuntend daarin om die komplekse agtergrond en soms spanningsvolle geskiedenis van die Cape Regiment objektief voor te stel. Hy bied 'n gebalanseerde en objektiewe beskouing van die Regiment se militêre bydrae in die konteks van sensitiewe en selfs gespanne rasseverhoudinge gedurende die vroeë jare van die negentiende eeu. Hy skets nie net die goeie hoedanighede van die lede van die Cape Regiment nie, maar noem ook die belangrikste sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme wat ondervind is. In hierdie verband het die Cape regiment 'n groot rol gespeel in die Westerse akkulturasieproses en verbetering van die lewensbestaan, van die Hottentotte van die Kaapkolonie.

Regimentsgeskiedenis kan maklik verval in 'n langdradige relaas van gebeure en 'n oorhoofse beskrywing van die groter regiment se ontwikkeling, prestasies en bevelvoerders. Die skrywer slaag daarin om ook die wel en weë van die gewone soldaat in berekening te bring. So beskryf hy manskap Dikkop Viool se ongelukkige ervaring toe hy sy verloofde vir ses dae per ongeluk verbrand het terwyl hy sy nat klere oor 'n vuur probeer droogmaak het. Dit het hom dieper in die penarie laat beland toe twee burgers hom van ongeskiktheid beskuldig het aangesien Viool met 'n hoed op die kop met hulle gepraat het. Hy kon

ook nie sy verlofpas toon nie, waarop die arme Viool geboei en met 'n kerie geslaan is. Ook die veldkornet het hom met die geweerkolf bygekom omdat Viool nie sommige vrae beantwoord het nie. Viool kon blykbaar nie sy vrae hoor nie omdat die wind geraas het. Viool is daarna ook onder swak omstandighede in die tronk aangehou. Die Viool-insident het destyds groot meningsverskil tussen die opperbevel van die Cape Regiment en die landdros van Stellenbosch veroorsaak vanweë beweerde mishandeling van 'n lid van die Regiment deur burgers. Manskap Philip Willems was baie gelukkiger as Viool. Die groot eer het hom te beurt geval om William Burchell tydens sy ekspedisie van 1811-1812 na die binneland te vergesel. Hy het amptelike verlof vir twaalf maande ontvang en as Burchell se voorman en persoonlike wadrywer opgetree.

Die klagte word dikwels teen Suid-Afrikaanse historici ingebring dat die geskiedenis eensydig uit 'n sogenaamde "blanke oogpunt" beskou en beskryf word, en dat die bydrae tot die geskiedenis deur ander bevolkingsgroepe afgewater of selfs heeltemal genegeer word. Hierdie werk is daarom 'n treffende voorbeeld wat die teendeel van hierdie bewerings bewys. Die besondere objektiewe benadering van die skrywer ten opsigte van 'n sensitiewe onderwerp is daarom des te meer lofwaardig.

Die Cape Regiment 1806-1817, 'n koloniale regiment in Britse diens getuig van deeglike en uitgebreide oorspronklike navorsing. Die publikasie is daarom van groot nut en waarde vir die krygshistorikus. Hierdie werk is beslis 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse en veral die Afrikaanse krygsgeskiedskrywing.

J.F.T. BARTMANN

S.A. Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, Johannesburg

J.T. DE BRUYN

Die aanvangsjare van die Christelike sending onder die Tlhaping, 1800-1825

en

J.W. MEIJER

Dr. H.J. Coster, 1865-1899

beide in die

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1989 II

Pretoria: Die Staatsdrukker

1989

242 pp.

R6,06 (AVB ingesluit)

Dit is verblydend dat die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* sedert 1938 nog gereeld verskyn. Hoewel die aantal bande per jaar gewissel het, een of twee, en ongeag die feit dat die reeks op 'n tydstip erg agter geraak het, staan hierdie bruikbare en noodsaaklike staatsprestasie tans in sy twee en vyftigste jaargang. Op die koop toe is die prys verspot billik. 'n Mens kan maar net vertrou dat in 'n tydsgewrig van verpligte staatsbesparing met hierdie soort publikasie voortgegaan sal word. Dit vervul in meerdere opsigte immers in 'n behoefte; wat voorkoms, gehalte, prys en bruikbaarheid betref.

Eintlik behoort hierdie reeks veel meer aggressief bemark te word as wat tans die geval is. Voorts behoort dosente baie meer van hierdie bande as vaste studierrein en as aankoopmateriaal voor te skryf. Ongeveer tien bande kos wat 'n enkele voorgeskrewe werk in die algemene handel kos. Na alles, dit is M-verhandeling en D-proefskrifte wat onder toesig afgehandel en deur verdere eksaminatore beoordeel is. En daarna word sodanige bydraes, sowel as die ander navorsingsartikels, ook nog aan 'n redaksie vir verdere keuring onderwerp! Tog interessant, terloops, dat die lede van die Argiefkommissie nie die geslag van onder sê . . . vyftig jaar oud verteenwoordig nie.

Soos wat oor jare reeds die geval is, is ook hierdie uitgawe baie goed versorg wat afronding, tegniese inkleding, lettertipe, afdrukke van foto's en kaarte, verwysings, opsommings, bronnelys en register betref. Goed, dit is die taak van die outeurs om dit korrek voor te lê, maar die staatsdrukker voltóó hierdie manuskrip. Daarvoor word waardering uitgespreek. Dit is verder goed dat 'n lys temas, alfabeties volgens skrywers gerangskik, in elke uitgawe bygevoeg word. So word die reuse verskeidenheid van onderwerpe aangedui en 'n keuse dan vergemaklik.

Dit val 'n mens verder op dat in hierdie uitgawe, 1989, deel II, die paragraaf behou word wat lui: "Die inhoud, taal en styl . . . is die verantwoordelikheid van die skrywer." Dit behoort so te bly. Maar 'n verdere gedagte daarenteen, wat nog tot met die uitgawe van 1988, deel II behou is, het wel verval: ". . . beskou prof. P.J. van der Merwe se *Die Bronnelys en Voetnote* as 'n voorbeeld van 'n logiese stelsel . . . , maar aanvaar ook enige ander erkende stelsel wat duidelik, konsekwent en beknopt is." Hierdie siening was gesond en

verantwoordelik. Die weglating bly daarom interessant, want 'n neiging om 'n enerse, afdwingbare, voorgeskrewe stelsel te wil reël, steek wel plek-plek kop uit.

Dááruit kan slegs probleme ontstaan, want oor die wêreld heen, boonop binne eie vakgebied, word tevergeefs na enersheid op hierdie vlak gestreef. Ook die wyse van aankondiging van resensiewerke in vakydskrifte verskil, en bly steeds wissel. Verder bestaan daar ook 'n debat oor wat presies 'n tesis, 'n dissertasie, 'n verhandeling, 'n skripsie, 'n proefskrif is. In hierdie betrokke uitgawe word albei M-verhandelings as 'n skripsie aan Unisa behaal, aangedui. Nie almal sal dáármee akkoord gaan nie.

In die lig van die nuwe proses waarvolgens universiteitspersoneel akademies ge-evalueer word, sal 'n mens graag wil weet of 'n bydrae in die *Argiefjaarboek* kwalifiseer vir erkenning, of nie; of in watter sin en waarom wel. Dis immers 'n M- of D-studie wat dan rééds verreken is, maar die bydrae is wel gerefereer, tog is dit as 'n boek gepubliseer, maar dit kan ook as 'n vakartikel in 'n vakydskrif beskou word. Verder, die M- en D-publikasies is mos reeds as leesmateriaal beskikbaar, maar nou word dit herhaal. Hierdie vrae, die norm vir aanvaarding in die *Argiefjaarboek*, en 'n ontleding van die aard van die bydraes sedert 1938, kan eweneens in 'n artikel in *Historia* behandel word.

Wat Du Bruyn se bydrae betref, word aan ál die vereistes voldoen wat met so 'n geskrif gepaard gaan. Die inligting is wyd versamel en onder logiese opskrifte ingedeel. Die Inleiding en Hoofstuk I bevat interessante, vaste uitsprake – onder meer dat hy 'n ewewigtige, hoe tog anders, beeld van die Tlhaping wil verksaf. Hy lig die leser goed in ten opsigte van wat hy beoog. Die sosiale kant van die groep onder bespreking, ontvang inderdaad die klem wat vooraf geskryf is die geval sal wees. Die bronne benut, word gewees – en dis goed so. Dat hy oorsese materiaal as fotostatiese bronne geraadpleeg het, word aangeprys.

Maar die skrywer is soms “slim” rakende die sendelinge en hul uitsprake, vroeër of later, deur en oor hulle. Sy uiteensetting van die Londense Sendinggemeenskap van 21 September 1795 en daarna is wel ter sake. Dat hy die Christelike godsdiens met die tradisionele godsdiens van die Tlhaping vergelyk, is noodsaaklik. Plek-plek slaan 'n gees van bloot versameling van inligting nietemin deur. Ook die huiwering val op, bv. p. 4, waar dit by moontlik en vermoede bly.

Die bydrae is baie volledig wat getalle, die ekonomie, politiek, godsdiens, veerooftogte, onderlinge verdeeldheid, ivoorhandel, vrees en basiese behoeftes rondom die Tlhaping betref. Tegelyk kom sendelinge Kok, Edwards, W. Koster, Robert Moffat, A.A. van der Lingen, John Campbell, Hamilton, Evans, James Read en John Philip in die gedrang. Vir die swartes het dit dikwels om hierdie sendelinge se rol en hulp gegaan wat betref kapteinsgesag, geskenke, die skryf van briewe, die bekom van vuurwapens, 'n goeie verhouding met die regering in Kaapstad en die beskerming teen inheemse vyande. Hierop lê Du Bruyn mooi klem. Maar dat die eise van die Christelike godsdiens nie aanvaar sou word wat byvoorbeeld arbeid, gesag, kleredrag en huwelikskodes betref nie, is óók toegelig. Hulle wou nie waarlik gekersten word nie. Hoofstuk 6 is hieroor duidelik.

Soos wat taalprobleme en persoonlikheidsverskille beslis 'n uitwerking het, het ook kulturele andershede 'n diepgrypende invloed op hoofman Molehabangwe, op James Read, Mothibi en veral Robert Moffat gehad. John Philip en Moffat was berekend pro-Brits, byna anti-swart, afkeurig wat swart gebruike betref, hooghartig, krities (pp. 70, 72, 75, 76, 79, 87, 89, 93). Tog is Moffat 'n soort held (p. 80) juis ook vir dáárdie groep van die Tlhaping wat sy leiding by Kuruman bly aanvaar. Maar sodanig word hulle feitlik onderdane van Moffat, die sendelinge, die blanke.

Onderlinge botsings, soos die slag by Dithakong op 26 Junie (!) 1823, tussen Griekwas, Tlhapings en andere, illustreer mooi die werklikheid van die suidelike Difaqane-hordes. Op p. 83 slaan dit weer deur, en veral dan op p. 88 waar haas slegs die oorgeblewe reste van Tlhaping, Rolong, Sotho, Ndebele onder Moffat op Kuruman saamtrek.

Die tydperk 1800 tot 1825 rakende die Tlhaping en sendingwerk ontsluit veel meer as wat met 'n eerste oogopslag vermoed word. Die verruiming oorgedra, gee mooi afronding en verdieping aan Du Bruyn se studie.

Die bydrae van J.W. Meijer oor die byna legendariese Herman Coster, 1865–1899, verskil totaal in tema en aanslag van die voorafgaande. Meijer het óók besonder wyd sy stof versamel, en álles word logies, tegnies en aanvaarbaar ingedeel, weergegee. Dis egter beslis nie bloot 'n biografiese verslag nie. Coster word werklik as mens met die woord geskilder (p. 195) – sy talente, beperkings en al! Ons leer ook volledig die gesin ken, sy eie nageslag en hulle almal se vreemde, hartseer einde. Die skrywer bewonder sy onderwerp, maar hy bly gebalanseerd, soek nie verskonings nie, onderwerp al die kritiese uitsprake eweneens aan 'n wetenskaplike weegproses. Maar die menslikheid word behou, wat uitbeelding en waardering betref, en so iets is biografies noodsaaklik.

Tog is die bydrae tegelyk 'n ontleding van die ZAR ná 1885/90, word veral regs kundige ingewikkeldhede (pp. 152 tot 170) helder na vore gebring en bekyk. Coster se kultuurideaal vir Nederland in Transvaal, sy vrees vir die Britse aanslag wat die Boere sowel as alle Nederlanders gaan aantast, sy persoonlike roepingsgevoel wanneer mense en gebeure en strewes ontleed moet word, is suiwer oorgedra.

Verder word die spanning rondom die Uitlander-vraagstuk en die kritiek op die groot, omstrede Hollanderkring in Pretoria (p. 148, 184, 200, 210, 211), vars aangesny.

Coster beseft die ingrypende probleem met hierdie twee vraagstukke, maar sy persoonlike geaardheid gaan nie die krisis oorleef nie. Hyself moet red en keer, hy moet persoonlik die Romeins-Hollandse regstelsel handhaaf, hy moet ander Nederlanders met sy droom van 'n groter Nederland in die ZAR besiel, hy moet die kritiek van Chamberlain teen die Transvaal as staat sogenaamd sonder suiwer wetgewing en sonder grondwet verkeerd bewys, dis sy verantwoordelikheid om Londen se minagting jeens Krugerhulle te veroordeel. Maar in 1899 kom al hierdie dinge tot 'n einde. Die oorlog is 'n werklikheid – soos wat Coster in 1896/97 (p. 183) reeds gewéét het. net soos wat hy nooit Nederland se teenwoordigheid in Oos-Indië kon steun nie.

Meijer het die leser nietemin deeglik voorberei op Coster se teenstellende optrede – om deur middel van 'n spesiale Hollanderkorps teen Brittanje militêr weerstand te bied. Dat Coster dit doen, buitendien op sodanige dramatiese en romantiese wyse, maak die daad soveel te meer futiel. En maklik kon hierdie heldmanskap van die oomblik bly oorheers het. Maar Meijer toon aan dat Coster se bydrae stewiger staan as vervlietende verering (pp. 209, 211, 212). Coster het die ZAR se grondwet in Augustus 1899 na enkele jare se deeglike werk afgerond hersien. Dis 'n monumentale taak, en toon die moed, rasonale inslag, volharding en getrouheid van Coster. Tegelyk is die wet en howe en die Volksraad, asook die memories van die publiek as simbool van die volkstem, 'n vaste plek toegeken.

Die kulturele reaksie op Coster se dood (pp. 215-219), en die volharding oor jare daarna met sodanige beskawende dinge soos 'n kultuurinstituut, studiebeurse, 'n voortgesette Nederlandse vereniging in Pretoria terwille van stamverwante belange, geleentheidsredes, kransleggings, gesantebesoeke, kunswerke, gedenkplate, bakens en musea-bewaring, bevestig die gegrontheid vir Meijer se navorsing oor Herman Coster.

MARIUS SWART

Universiteit van Port Elizabeth

A. APPEL

Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1988 II

Pretoria: Die Staatsdrukker

1988

358 pp.

R6,06 (AVB ingesluit)

Vanweë die lae prys en goeie gehalte van die *Argiefjaarboek*-reeks (waarvan nagenoeg 170 dele die afgelope 50 jaar gepubliseer is) is dit steeds een van die beter beleggings vir die liefhebber van historiese werke. Geskiedenis is een van die min vakdissiplines wat beskik oor so 'n betreklik maklik toeganklike publikasie-medium soos juis die *Argiefjaarboek*. Weliswaar is die reeks meestal op 'n uitgelese gehoor – die professionele historikus – gerig, maar met 'n werk soos dié van André Appel kan 'n veel wyer leserskring bereik word. Die meeste inwoners van die distrik Oudtshoorn sal immers hierdie enigste omvattende en wetenskaplike werk oor hul kontrei wil besit.

Dat die *Argiefjaarboek*-reeks steeds 'n gewilde publikasie-medium onder historici bly, blyk daaruit dat hierdie doktorsale proefskrif reeds in 1982 vir publikasie gereed gemaak is, maar eers ses jaar later verskyn het. Dit is betreurenswaardig omdat die meer onlangse stromings en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie in 'n mate daardeur uitgesluit word. Appel gee wel 'n insiggewende historiografiese oorsig in sy inleiding, maar van die skepping van 'n toepaslike teoretiese raamwerk – wat die afgelope dekade toenemend belangrik geword het – kom min tereg.

Vir die historikus is die waarde van Appel se werk tweeledig. Eerstens verskaf dit die broodnodige basiese navorsing wat op deeglike empiriese bronnestudie berus. Die indrukwekkende bronnelys getuig van die outeur se omvangryke en grondige navorsing uit veral regeringspublikasies en rekords in die Kaapse Argiefbewaarplek. Die magdom gegewens wat byeengebring is, kan geredelik as vertrekpunt vir toekomstige meer toegepaste studie oor die streek dien.

Tweedens is die studie rigtinggewend ten opsigte van die chronologies-tematiese metode wat gevolg is. Die werk val uiteen in drie dele volgens gemotiveerde tydsafbakening: die tydperk tot 1811, 1811 tot 1848 en 1848 tot die 1880's. Binne elke tydperk kom temas soos plaaslike administrasie, ekonomiese ontwikkeling, die kerklik-godsdienslike lewe, onderwys en opvoeding en kommunikasie onder die loep. Die voordeel van dié werkswyse is dat elke tema afsonderlik en in groter besonderheid tot sy reg kom. Ter-

selfdertyd hou dit egter die gevaar in dat 'n geïntegreerde ontwikkelingsbeeld van die streek en sy bewoners deur fragmentering verlore gaan.

Leemtes is onder meer die afwesigheid van 'n breë sentrale tema of temas in die historiese ontwikkeling van die Oudtshoorn-gebied waarop die navorsing afgestem kon gewees het. Hoewel Appel sy werk breedweg as 'n sosiaal-ekonomiese studie aanbied, kom weinig van die streek se sosiaal-ekonomiese samelewingsproblematiek soos besitreg, klasseverskille, arbeidsverhoudings, armoede, opheffing en welsyn tot sy reg. Die vraag ontstaan ook waarom politiek (nie noodwendig partypolitiek nie) uitgesluit is – talle menslike handeling in onder meer die ekonomie en tussengroepverhoudings spruit tog daaruit voort. Laastens verteenwoordig hierdie studie hoofsaaklik 'n blanksentriese perspektief – ander groepe figureer net as randfigure tydens die blanke vestigingsfase, as statiese bevolkingsdele wanneer na die bevolkingsamestelling verwys word en by die delé oor die kerk en onderwys. Om 'n gebalanseerde totale geskiedsbeeld van al die streek se mense te skep, bly egter 'n vraagstuk waarmee die meeste streek-historici worstel.

Wat ook al gesê word, bly Appel se mikrostudie oor die vroeëre geskiedenis van die distrik Oudtshoorn baanbrekerswerk en die wens word uitgespreek dat die outeur na hierdie studieveld terug sal keer om veral die samelewingsproblematiek van die 20ste eeu in historiese perspektief te stel.

P.H.R. SNYMAN

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria

JOEL MERVIS

The fourth estate: a newspaper story

Johannesburg: Jonathan Ball Publishers

1989

571 pp.

R49,95 (GST excluded)

South Africans who since the 1930s have been readers of the *Sunday Express* and the *Sunday Times* need no introduction to Joel Mervis. Even those who were staunch supporters of the Afrikaans Sunday newspapers are familiar with his sharp pen, his fearless attacks on what he regards as detrimental to society as a whole, and his wit. He has certainly become a thorn in the flesh of many "establishment" institutions, and naturally also of the Afrikaner organisations.

Now, as part of his retirement assignments, Mervis has researched and written the history of a number of important South African newspapers and newspaper groups which presented the world in which he operated for more than forty years. The focus of this work is primarily on the *Sunday Times*, *Rand Daily Mail* and *Sunday Express*, of which only the *Sunday Times* is still being published.

The fourth estate though in many ways a monumental work, also displays distinct shortcomings from the reader's point of view. But more about this later on in this review. Drawing on a vast canvas, the author describes the growing-pains, struggles for survival, and terminal phases of these newspapers. His narrative includes the editors, some famous journalists and cartoonists, as well as the management boards and directors of the newspapers belonging to the firm which was known as SAAN from the mid-1960s until the mid-1980s. As is usually the case with newspaper men, the editors of the papers discussed were colourful and individualistic personalities. They include the likes of George Kingswell, an outspoken man with a complex personality; the conservative Ward Jackson; Arthur Barlow, whose lively imagination often led him to indulge in hyperbole, despite the fact that he was a gifted journalist; and the able, though sometimes impetuous "leftist" editors George Rayner Ellis, Raymond Louw, Laurence Gandar, and Allister Sparks.

Portraying the changing political sentiments of English newspapers through the years, Mervis's book reveals that the *Rand Daily Mail* during the Rebellion of 1914 strongly advised General Smuts to reprieve Jopie Fourie's sentence. The same paper advocated a white labour policy in the early decades of this century, and was indeed the champion of white miners. No newspaper under discussion seriously refuted the philosophy of white supremacy in South Africa before the years of Ellis, the man who according to Mervis converted the northern suburbs of Johannesburg to liberalism. One is in fact struck by the conservative attitude of these papers as far as the colour issue is concerned, an attitude which was largely sustained until the fall of Smuts in 1948. Whether the more liberal editors really succeeded in convincing their readers to accept the concept of power sharing and the total dismantling of apartheid, including social apartheid, is an open question. Many previous readers of the *Mail* probably still believe that the able Gan-

dar, with his deliberate policy of transforming the paper into a true multiracial mouthpiece, contributed to the decreasing white readership of the *Maqil*.

Mervis's intuitive flair for the dramatic certainly induced him to giving ample room for some of the political dramas of his time. In a fascinating way he recalls happenings behind the scenes, such as Louis Karovsky's role in strengthening the Smuts faction within the United Party between 1934 and 1939; the "real" reason for the vicious attacks of the English press on the Malan government after its take-over in 1948; the *Sunday Times*'s role in the "palace revolution" in the United Party in the 1970s; Louis Luyt's abortive attempts to take over SAAN; the Information scandal, and the ensuing hunt on Eschel Rhoodie by two enterprising journalists; the birth (in sin) of *The Citizen*; and the *Sunday Times*'s exposure (with almost predictable regularity) of the Afrikaner-Broederbond. There are also some priceless anecdotes, such as the story of how Ivanhoff became cartoonist of *Die Vaderland*.

One of the main themes of the book is the almost constant tension between the newspaper management and the editors. Prominent in this regard is the dreary story of the deterioration and disappearance of the *Rand Daily Mail*. In Mervis's opinion (and there is no reason to doubt his observations) the managing director and board of SAAN repeatedly made wrong diagnoses in connection with the deterioration of the paper. Instead of implementing a fresh, dynamic style of overhead management, they dismissed editors, launched expensive in-depth investigations and drew up reports – to no avail. In the end SAAN itself was crippled by the financial losses of its papers, especially the *Mail*. It was only when financial heavyweights such as Gordon Waddell stepped in, that SAAN and its newspapers were saved. The way in which a man like Stephen Mulholland, with expert assistance succeeded in transforming SAAN's losses into profits for its successor *Times Media*, is really astounding. Their management techniques are drawn in sharp contrast with those of SAAN's previous managing director.

One feels that Mervis's story reflects the views of the editors to a far greater extent than those of the management. This is understandable, since he probably managed to extract much more information orally or written from his former colleagues who were frequently at loggerheads with the SAAN board. This, however, is not a major objection to *The fourth estate*. A real issue is the poorly structured work and the bulk of information which could have been cut down to about sixty percent of the mammoth 553 pages. This would have been possible with more efficient editing. Examples of this shortcoming are abundant: for instance, those interesting anecdotes and incidents involving editors could be grouped together instead of being spread throughout various chapters. Why was it necessary to discuss persons like MacLeod and Ellis, or the *Mail*'s terminal years in three or four chapters, especially when some of these chapters also deal with other matters? Some of the chapter headings are totally misleading, for example Chapter 10, which is entitled "Sunday Times at war with flies", whereas the largest part of the chapter deals with serious political matters such as the strike of 1922 and the general election of 1924.

Although the reader might be irritated by the form in which Mervis has presented his story, nobody would deny that this is a worthy contribution to the history of the press in South Africa. Not only has the author taken great pains in researching the early, almost unknown history of some of South Africa's most influential newspapers, his narrative all along based on research, including numerous interviews with former editors and others involved. The inclusion of quotations from papers on important matters (some of which to my liking is too length) gives the work the character of a source publication. However, I am sure that many researchers in times to come will consult *The fourth estate*.

J.P. BRITS
University of South Africa

JAMES WALTON
Old Cape farmsteads
Kaapstad: Human en Rousseau
1989
147 pp.
R60,00 (plus AVB)

Die pionierswerk van S.O. Addy, *The evolution of the English house*, het byna 'n eeu gelede reeds verskyn, maar dit was eers in 1965 dat die polemiekie om Bernard Rudofsky se *Architecture without architects* en die gepaardgaande uitstalling in die Museum of Modern Art die volksargitektuur binne die hoofstroom van argitektuurdebatte gedwing en gewettig het.

Deurdrenk met die jare sestig se nadruk op demokratisering het historici ook na 'n demokratiese verlede gehunker, 'n verlede waarin die ondervinding en optrede van die "gewone" mens in sy alledaagse

lewe ook herwin kon word. In hierdie soeke is “gewone” geboue een van die belangrikste inligtingsbronne van die onbesongte en ongeartikuleerde artefakte van die geskiedenis.

Goedkeuring van die vernaculêre (is) nie onmiddellik of algemeen nie en argitekstole en historici het uiteenlopende en botsende standpunte gehad – vanaf die verwerping van die “verhewe” begrip wat Rudofsky daaraan toevoeg, tot by volkome en onvoorwaardelike aanvaarding van die verlore seun van die familie.

In sy jongste boek oor die onderwerp, *Old Cape farmsteads*, spreek James Walton geen twispunte direk aan nie, maar kan hy hulle ook nie vermy nie en professor Barrie Biermann wys in die voorwoord tereg daarop dat die outeur se veld van ondersoek die verenigde produk van formeel gevestigde “style” saam met die informele vernaculêre van die anonieme bouer aanvat.

In die inleiding stel Walton sy doelwitte duidelik: dit is om ’n prentjie van die verskillende geboutipes van die Kaapse plaasopstal te skets en om die oorspronge en ontwikkeling van hierdie geboue na te loop. Hy benadruk weer eens die feit dat slegs een-derde van die setlaars wat tussen 1657 en 1807 aan die Kaap arriveer het, vanaf Holland en Vlaandere afkomstig was, terwyl meer as die helfte ’n Duitse oorsprong gehad het.

Soos Jan van der Meulen, wat hy by meer as een geleentheid met skynbare goedkeuring aanhaal, besef ook Walton dat wyer as die ornamentele gewel en die moontlike Hollandse oorsprong daarvan gekyk moet word. Ook huisplanne, ander argitektoniese elemente, hulle verband met mekaar en die aandag wat aan hulle artikulasie gegee is, behoort onder die loep geneem te word. Die Europese gebied waarbinne presedente vir die Kaapse argitektuur gesoek kan word, brei gevolglik uit om vanaf die ooskus van Engeland tot by die Dnjeprrivier te strek – tot na die sewentiende eeu binne die kulturele invloedssfeer van die Hanseverbond.

In ’n eerste samehangende gedeelte van die boek word die oorspronge en ontwikkeling van die Kaapse argitektuur aangesny; in die tweede word die opstalle en geboue van die wynboer en dié van die veeboer in groter detail ondersoek.

Bewus dat die betekenis van die geboue buite die domein van argitektuur reik, bied hy ook ’n interpretasie aan wat nou gebonde is met die eb- en tyritme van die landbou en die sosiale en ekonomiese toestande.

Die ontwikkeling van die eerste alleenstaande pioniershuise, met ingange in die kort gewelente en skoorstene aan teenoorstaande gewels (Spier en Kromme Rivier, p 13), tot by die ontwikkelde en meer geslote werf met kelders, slawekwartiere en stalle (Oude Molen, p 16) word in hoofstukke twee en drie bespreek. Hierdie geskiedenis word illustreer met pragtige tekeninge van Johannes Mulder, die eerste landdros en landmeter van Stellenbosch en E.V. Stade.

Uit Mulder se tekeninge kan afgelei word dat daar vroeg reeds voorbeelde van huise met ingange in die lang sye was en dat hulle meestal drie vertrekke gehad het. Vanaf die eerste dekade van die agtiende eeu het boere begin om hulle huise na agter te vergroot met die aanbouing van die (latere kenmerkende) sentrale vleuels. Die gunstige ekonomiese toestande na 1750 gee aanleiding dat die ornamentele gewel sy algemene verskyning in die landelike gebiede maak. Dit gaan saam met wat Walton ’n amperse “argitektoniese rewolusie” noem; in teenstelling met die vroeëre lukrake groei van opstalle het hulle uitlegte teen die eeuwenteling definitiewe patrone begin aanneem wat hy onder “lineêr”, “parallel”, “uitgeskuinsd” en “geslote” bespreek. Soos by talle geleenthede is hy ook hier skolasties versigtig en sê slegs dat hierdie verfuitlegte skynbaar ’n plaaslike ontwikkeling was wat nie van die Europese binnehofpatroon afgelei kan word nie. Die noodsaaklikheid vir verdere ondersoek word duidelik geïmpliseer.

Een van die mees boeiende hoofstukke handel oor die Langhuise wat dikwels in studies afgeskeep word. Walton vergelyk hulle met soortgelyke geboue in die Noordseegebied en stel pertinent dat hulle op plase dikwels die eerste huise was wat later, met die oprigting van ’n nuwer en groter woning, die jonkershuise geword het. ’n Hele geskiedenis van ontwikkeling, verandering, aanpassing en groei lê in hierdie geboutipe opgesluit. Die verskillende funksies van plaasgeboue word onder een dak geplaas en, veral op afgeleë plase, word alle aktiwiteite simbolies onder beheer van die eienaar gebring.

Old Cape farmsteads is ook ’n rekord van boerderymetodes en die outeur haal die heerlike agtiende eeu se beskrywing van Otto Mentzel oor Kaapse wynmakery met onverbloemde genoegdoring aan. Dat hierdie aanhaling noodsaaklik vir ’n begrip van die beplanning van wynkelders is, word gou duidelik en met netjiese planne (ongelukkig is daar geen snitte nie) word die gebruik en resulterende vorm van hierdie plaasgeboue, tot by redes vir hulle vensteropeninge, deeglik bespreek.

Walton is op sy beste met die dokumentering en beskrywing van ander strukture op die wynplaas – soos stookketels, stalle en slawekwartiere. Die oorsig van hoender- en duiwehokke, pragtig illustreer met foto’s deur die outeur en Arthur Elliot, asook sketse van Alys Fane Trotter, handel oor moontlik die grootste argitektoniese bereiking op die bolandse plaas. Dit is ironies dat die enigste twee duiwehokke wat moontlik deur ’n argitek, Thibault, ontwerp is (Coornhoop en Ganzekraal, pp 108 & 109), die formele dissipline naloop sonder om ooit die ongekunstelde prag en direkte krag van die ander soos op De Bos of

Meerlust (pp 103 & 104) te ewenaar. Dit is hierdie verleidelike aspek van die vernacular wat 'n studie daarvan die moeite werd maak en die verband tussen die twee 'argitekture' waarvan Biermann in die inleiding praat, saamweef.

Die laaste hoofstuk handel oor die opstalle van die veeboer, vanaf die korbeelhuise, krale, trapvloere en ander strukture van die Karoo-boer uit Sutherland se wêreld tot by die kapstylhuise en opstalle van die Overberg. 'n Mens bly effe verslae oor die rasionele skoonheid wat die empirikus daar kan stel en die sinvolle aanspraak wat hy op die barre veld kan maak. As hy later na die Roggeveld sou kon terugkeer, sou Burchell sekerlik sy woorde oor die "miserabele abode" van die veeboer moes sluk.

Hierdie hoofstuk eindig nogal skielik en Walton poog nie om samevattinge te maak of verbande te trek nie. Behalwe vir die eerste hoofstukke bly die boek gevolglik eerder 'n waardevolle katalogus as 'n beslissende studie en vele vrae bly onbeantwoord. Die outeur is egter deeglik bewus hiervan en nooi amper ander navorsers om die veld te betree. Die netjiese kaart wat in die teks voorkom illustreer veel beter as wat enige beskrywing sou kon, hoe klein die gedane en hoe groot die braakveld is. Slegs hiervoor verdien Walton, wat vir baie jare die alleenloper in vernacularstudies was, en steeds op die voorpunt loop, al die lof en eerbetuigings wat hom oor meer as vier dekades te beurt geval het.

Old Cape farmsteads is goed versorg en rykvol illustrasies. Dit hoort op die rak van enigiemand, maar veral op dié van hulle wat Walton se reusewerk met dieselfde entoesiasme wil en kan voortsit.

SCHALK LE ROUX
Universiteit van Pretoria

M.W. BARLEY
The English farmhouse and cottage
Gloucester: Alan Sutton
1987
297 pp.
R34,95 (plus AVB)

Daar bestaan geen skaarste aan monografië omtrent Britse argitektuur nie. Wanneer daar na hierdie werke gekyk word, val dit 'n mens op dat kerke, katedrale en kastele in detail bespreek word, terwyl die wonings van gewone boere en arbeiders skaars genoem word. Met *The English farmhouse and cottage* probeer M.W. Barley hierdie gaping oorbrug.

In die werk word die Middeleeuse Britse volksboukuns onder die loep geneem. Barley bespreek die tydperke 1000-1575, 1575-1615, 1615-1642, 1642-1690 en 1690-1725. Ongelukkig word die tydskakel nie in die boek se titel weerspieël nie.

In die vroeë Middeleeue is die onderskeid tussen die verskillende sosiale stande rigied gehandhaaf. Die grootte en voorkoms van wonings is hoofsaaklik deur die inwoners se stand en behoeftes, asook deur die bouer se vaardigheid en ondervinding bepaal. Dieselfde konstruksiemetodes is aangepas om wonings, kerke of skure te bou. Natuurlike boumateriale soos modder, turf en hout is gebruik.

Vanaf 1575 het 'n tipiese Britse volksboukuns begin ontwikkel. Plaaswoning met groot glasruite en skoorstene het hulle verskyning gemaak. Ouer geboue is gemoderniseer en welvarende boere het hulle huise selfs met ornamentele pleisterwerk versier.

In die jare 1615-1642 het die pes baie slagoffers in Brittanje geëis. Hoewel dit beteken het dat daar minder gebou is, het dit tot gevolg gehad dat meer testamente en boedelinventarisse in die tydperk opgestel is. Uit laasgenoemde bronne kon Barley heelwat oor die volksboukuns te wete kom. Dié kuns het die eerste tekens van agteruitgang begin toon. Europese Renaissance idees oor die simmetriese rangskikking van vensters om deure het op die platteland begin kop uitsteek en hout is in 'n mindere mate as boumateriaal gebruik. Ornamentele pleisterwerk het (soos binne-kombuise) 'n algemene verskynsel geword.

Na 1642 is die volksboukuns nog meer deur die Renaissance boustyl beïnvloed. Bakstene het hout as boumateriaal begin vervang. Kundige messelaars het vanaf Vlaandere na Engeland gekom en kontinentale idees met Engelse boukundige tradisies vermeng. Dit het verskynsels soos plaashuise met geronde gewelste tot gevolg gehad. Waar die huise vroeër 'n diepte van een vertrek gehad het, het verbeterde bouetnieke breër geboue moontlik gemaak. Die huisgrootte is ook nie meer deur die inwoners se stand bepaal nie, maar deur hulle finansiële posisie. In die noorde van Engeland is wonings selfs met kalk afgewit en water is van buite af na die woonvertreke aangelê.

In die tydperk 1690-1725 kom die Engelse volksboukuns tot 'n einde. Een rede hiervoor is dat Renaissance bougidse in die tyd verskyn het. Bouers is grootliks deur die gidse beïnvloed en dit is net in

afgesonderde dele van Engeland waar die volksboukuns nog geskien kon word.

Barley kom tot die gevolgtrekking dat plaas- en kothuise fossiele is van 'n vergange, Middeleeuse lewensstyl. Dit is 'n universele probleem dat ou geboue gesloop en verander word. Met hierdie publikasie stel hy nie net meer inligting omtrent huise van gewone mense bekend nie, maar dui ook aan hoe belangrik dit is dat dit vir die nageslag bewaar word (pp. xxi; 269).

Op die oog af is *The English farmhouse and cottage* 'n boek wat net oor argitektuur handel. Dit is allermens die geval. Soos met sy werk *European towns — their archaeology and early history* die geval was, het Barley die wetenskaplike metodes van verskeie vakdisiplines, byvoorbeeld geskiedenis, argeologie, ekonomie en sosiologie gebruik om inligting vir die werk te bekom. 'n Wye verskeidenheid bronne, onder meer tydgenootlike belastingopgawes, testamente, letterkundige werke en landregisters is gebruik, terwyl Barley selfs huisies wat op die beroemde Bayeux tapisserie afgebeeld is, bestudeer het om meer aangaande Middeleeuse wonings te wete te kom (sien figuur 7).

Barley beskryf nie net huise nie, maar voorsien ook historiese, ekonomiese en sosiale feite sodat die boukundige ontwikkelinge en hulle tydskonteks gesien kan word. Deur meer lig op die woning, "n intieme segment van die menslike bestaan" (p. xix), te werp, word die hele gemeenskapslewe ondersoek. Barley noem algemene tendense in die volksboukuns en illustreer dit met bestaande voorbeelde. In sy vloeiende skryfstyl vertel hy meer oor die inwoners van die huise, hulle gebruiksvorwerpe, meubels, eetgewoontes en resepte. 'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat Middeleeuse mense nie veel van hulle hedendaagse nageslag verskil het nie. Die kinders het hulle byvoorbeeld destyds vermaak deur die grootmense deur die vloerplanke af te loer (p. 263) — kinders doen dit, waar moontlik, nog steeds! Ander interessante ontwikkelings wat bestudeer kan word, is die evolusie van die kombuis vanaf 'n losstaande gebou tot 'n deel van die plaashuis (pp. 76; 79; 94; 165; 178) en die veranderende benamings van huisvertrekke (pp. 28; 74; 168; 178; ens.).

Barley het nuwe teorieë oor die argitektoniese geskiedenis, byvoorbeeld dat die huisplanne en -afwerking van Noord-Amerikaanse settelaars grootliks deur Engelse emigrante uit Essex bepaal is (pp. 144-145). Hy wys ook op braakvelde wat deur ander navorsers ondersoek behoort te word (pp. 163; 202; 244).

Wat die tegniese versorging van die werk betref, is daar 'n paar puntjies kritiek. Die groot verskeidenheid lettertipes wat gebruik is om tussen opskrifte, sub-opskrifte, teks en voetnotas te onderskei, gee aan die drukwerk 'n onnetjiese voorkoms. Die uitvoerige inhoudsopgawe en bondige woordelys verseker egter dat inligting maklik in die boek opgespoor kan word. Die teks is deurgaans toegelig met 'n groot aantal tabelle, sketse en foto's wat by die relevante teksgedeeltes geplaas is. Ongelukkig is foto's IXa & b en Xa & b tydens die bindproses omgeruil. Grondplansketse van plaas- en kothuise kom ook voor en word deur 'n verduidelikende paragraaf op p. xii toegelig. 'n Woordelys van boukundige terme (pp. 289-290) help om die teks vir onkundiges glashelder te maak.

Aan die einde van die werk verskyn 'n aanhangsel waarin 'n uittreksel van interessante dokumente, byvoorbeeld 'n boulisensie en landregisters gemaak is (pp. 271-287). Dit gee aan die leser 'n idee van die soort inligting wat Barley in die verskillende bronne opgespoor het.

The English farmhouse and cottage het 'n aantreklike slapband omslag. Dit is ongelukkig te betwyfel of die uitgawe 'n lang raklewe sal hê. Dit vorm deel van Alan Sutton Publishing se sogenaamde *History paperbacks*-reeks waarin aspekte van Engeland se argitektoniese, ekonomiese en sosiale geskiedenis belig word. *The English farmhouse and cottage* word vir enige persoon wat in Britse kultuurskatte belangstel, aanbeveel. 'n Mens kan net hoop dat 'n soortgelyke publikasie of selfs 'n soortgelyke reeks werke oor Suid-Afrikaanse onderwerpe binnekort tot stand sal kom.

ALANA BAILEY

Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria

MICHAEL BENNETT

Lambert Simnel and the Battle of Stoke

Gloucester: Alan Sutton

1987

157 pp.

R69,95 (GST excluded)

Following the defeat and death of Richard III at Bosworth Field in 1485 Henry Tudor, now Henry VII, began to consolidate his position as King of England. After three decades of civil war there was little enthusiasm for the new regime which only appeared to promise future dissent and uncertainty. Most of

Richard's close supporters were killed at Bosworth – only Viscount Lovell and a few knights remaining at large. However, in Ireland the Earl of Kildare, an old Yorkist ally, had not accepted the new king. Henry, whose claim to the throne can only be regarded as weak, spent the weeks after Bosworth attempting to win over the nobles and people of England to his cause. In January 1486 Henry married Elizabeth of York thus symbolically uniting the warring houses of York and Lancaster. The wedding did not however prevent an abortive rising in the north, led by Viscount Lovell and Humphrey Stafford.

At about this time a priest in Oxford was coaching a young man to impersonate one of the princes of the house of York – his name was Lambert Simnel. The author reviews the various aspects of the deception in great depth drawing from and evaluating the often suspect contemporary sources. In early 1487 Lambert Simnel emerged in Ireland as the Earl of Warwick, the son of the Duke of Clarence, Richard III's brother. The main supporters of the young Earl of Warwick were Viscount Lovell, the Earl of Lincoln, the Earl of Kildare and Margaret, Duchess of Burgundy. Lovell's and Kildare's support for the enterprise probably came as no surprise to Henry, but the sudden defection of the Earl of Lincoln was most unexpected. John de la Pole, the Earl of Lincoln, and nephew of Richard III had looked on him as his heir. Margaret of Burgundy, sister of both Edward IV and Richard III, had never accepted the new Tudor regime.

Henry's enemies joined forces in Dublin where, on 24 May 1487, Lambert Simnel was crowned King Edward VI. Margaret supplied the backbone of the army which consisted of some 2 000 German, Swiss and Flemish mercenaries under the command of Martin Schwartz. This force together with a handful of Yorkist lords and knights and a large force of Irish landed at Foulney Island near Furness on 4 June and rapidly moved south. English support for the venture proved to be disappointingly poor despite the fact that the area that the army was marching through had been most supportive of Richard III. Henry, based at Coventry and Kenilworth, gathered a large army around him and began to move north.

The two armies met at Stoke, near Newark, on 16 June 1487. It is estimated that the royal army consisted of 15 000 men as against Lincoln's 8 000. After being subjected to a bombardment of arrows from Henry's archers, which decimated the poorly protected Irish, the rebel army attacked the royal vanguard which was led by the Earl of Oxford. The Royal vanguard was initially under very severe pressure and Henry must have had cause to ponder upon the loyalty of his approaching reserves especially those loyal to the house of Stanley, Richard III's betrayers at Bosworth. Gradually however, the royal army's numbers began to dominate and Oxford began a counter attack. Some of the rebels fled, but many, particularly the mercenaries, gathered around their standards and fought to the bitter end. The Royal Army lost several hundred men, but none of note. Rebel losses were extremely high – some 4 000, including, the Earl of Lincoln, Schwartz and Thomas Fitzgerald, the commander of the Irish contingent. Viscount Lovell had disappeared never to be seen again. Lambert Simnel was captured and after a short imprisonment he served in the royal household.

Although there were other plots that would materialise in the future the Battle of Stoke marked the end of the Wars of the Roses and firmly established the Tudor dynasty on the throne of England.

The book, which is attractively produced, contains a good selection of photographs and maps, and an alphabetic index of names. There is an appendix containing extracts from key sources and detailed reference notes for each chapter.

D.W. AITKEN

S.A. National Museum of Military History, Johannesburg

ROGER WELLS

Wretched faces: famine in wartime England 1793–1801

Gloucester: Alan Sutton

1988

466 pp.

R100,00 (plus AVB)

Roger Wells het in 1969 aan die Universiteit van York gegradueer waarna hy die sosiale toestande gedurende die Franse oorloë nagevors het. Hy het onderskeidelik aan die Universiteite van Wallis, Exeter en York gedoseer voordat hy na Brighton Polytechnic is waar hy tans 'n senior dosent in Modern Geskiedenis is.

Wretched faces . . . en sy voorganger *Insurrection: the British Experience 1795–1803* (Alan Sutton, 1983) is twee publikasies wat hoofsaaklik uit Roger Wells se proefskrif, wat in 1978 by die Universiteit van York ingedien is, ontstaan het. Die inligting vir *Wretched faces* . . . is hersien en gereorganiseer en heelwat relevante publikasies wat sedert 1978 verskyn het, kon bygewerk word.

Die publikasie word in vier dele aangebied. Die eerste gedeelte “Famine in wartime 1793–1801” werp ’n blik op die realiteite van hongersnood. In die tweede gedeelte “Famine and the people” word aangetoon hoedat die toestande tot openbare onrus gelei het. Die derde gedeelte “Government and famine” werp lig op die maatreëls wat die regering moes tref om die binnelandse toestande weer te stabiliseer. In die laaste gedeelte “Social control and famine” word na die rol wat die regering en die howe in die onrusbeheer gespeel het, gekyk. Enkele gevolgtrekkings sluit die publikasie af.

Met hierdie publikasie het die outeur twee oogmerke in gedagte gehad. Eerstens wou hy ’n empiriese geskiedenis van die hongersnood in Engeland opstel, aangesien dit nie tevore gedoen is nie. Vervolgens wou hy ook bewys dat die nasionale oorlewing dieper gelê het as om slegs rewolusie te vermy. Hongersnood raak aan te veel lewensfasette. Met sy diepgaande studie daarvoor, kon hy dit bewys en so sy oogmerke bereik.

Sosiale reaksies gedurende die regeringstyd van Pitt is in die konteks van die 18de eeu se verwagtings en vooroordele bekyk. Die heilsame invloed wat Pitt se betrokkenheid op al die bevolkingslae uitgeoefen het, word goed deurgetrap. Daar word aangetoon dat die hoof ekonomiese determinant die ideologiegeïnspireerde oorlog was wat Pitt teen die Franse en hulle poging om rewolusionêre beginsels na die res van Europa deur te gee, gevoer het.

Verder was dit duidelik dat die agrariese produksie moontlikhede in die Britse Eilande totaal ontoereikend vir die groeiende bevolkingsgetalle was. Misoeste, droogtes, oorstromings, stygende voedselpryse, lae lone e.a. het inflasie hoogty laat vier. Lenings is toegestaan, maar as gevolg van die oorlogsuitgawes, is die geldmark kort voor lank uitgeput. Nuwe fiskale maatreëls het prysstygings direk beïnvloed en addisionele inflasie meegebring. Werkloosheid het ontstaan en die resessie is deur stygende voedselpryse vererger. Mobilisering gedurende die oorlog het tot 482 000 mans in 1801 uit die arbeidsmark onttrek sodat gespesialiseerde industriële tot stilstand gekom het.

Hongersnood het die laer- en middelklas getref. Daar is ’n beroep op die mense gedoen om nie swak gehalte graan aan diere te voer nie, maar aan die armes te gee. Verhongerde diere het die mense genoodsaak om selfs hulle diere te slag om hulle uit hulle ellende te verlos. Slagters kon nie voorby om perde te slag nie. Nogtans het dit nie die nood verlig nie. Toe ’n Devonwerker in Mei 1800 uitgeroep het “... that they deserved a more Honourable Death than to be starv'd alive...” is die ware toestand aan die groot klok gehang. Mense het hulle besittings vir kos verpand en die naderende winter het op hulle gewag. Linne en komberse is aan hulle voorsien, maar dit is net so weer vir kos verpand. Diefstalle het toegeneem en honger kinders het met honde om bene meegeding wat uit die meer gegoeedes se kombuise gekom het. Wat egter nie bereken kan word nie is die honger, siektes, dood, langdurige krisis en die vrees om ’n hongerdood te sterf. In die afsonderingshospitale wat die regering opgerig het om persone op te neem wat aan aansteeklike koorstoestande gelei het, moes vier tot vyf persone ’n bed deel. Hierdie realiteite kan egter nie weggedeneer word nie.

Die volle waarheid wat voorheen deur historici teruggehou is, word deur die outeur uitgespel, naamlik dat die voortdurende en wydverspreide onrusvoorvalle aan die voedselgebrek te wyte was. Die optredes is vervat in militante optredes, dreigbriewe, brandstigting by boere en meulenaars en beskadiging van masjinerie en stakings. Die negentiger jare van die agttiende eeu was egter ’n waterskeiding in die Engelse geskiedenis. Vakbonde is toenemend gestig en die tradisionele lewenswyse het plek gemaak vir ’n werkersklas wat op politieke hervormings aangedring het wat op demokratiese beginsels geskoei was. Euwels het nie uitgebly nie. Spekulant het voorrade opgekoop en teen verhoogde pryse van die hand gesit. ’n Kunsmatige skaarste is geskep deurdat boere hulle oeste teruggehou het om vir beter pryse te beding en die verskaffers hulle voorrade van die markte waar prysbeheer toegepas is, weerhou het. Die weermag is ingeroep om opstande te onderdruk en die pers het op die sensasie floreer. “Blood and fire” was kos vir die joernaliste.

Aan die anderkant is die “Riot Act” nooit geïmplementeer nie. Vrywilliger troepe het gedros, aangesien hulle nie langer kans gesien het om teen vriende en bure in die massas op te tree nie. Rewolusionêre geskrifte is versprei en Pitt se ontslag is geëis. Krete vir hoër lone het steeds opgeklink en die frustrasie wat onderdrukking daarvan meegebring het, blyk uit die volgende aanhaling...

“As we cant have riot
We'll do Things more quiet
As provisions get higher
The greater the Fire” (pp. 164–165)

Brood- en meelpryse is vasgestel en suiwer witmeel mag nie bemark geword het nie. Pitt het persoonlik aanbeveel dat ’n mengsel van twee derdes koring en een derde gars bemark word. Die “Brown Bread Act” het tussen 1 Februarie en 6 November 1801 gegeld. Dit het kritiek uitgelok en uiteindelik misluk. Spotten-ders wys is daarna as “Pitts Purgin Pills” verwys (p. 224).

Die outeur kom tot die gevolgtrekking dat "Wretched faces" 'n realiteit geword het. Gesinne kon hulle self nie meer klee nie, kinders het om brood gesmeek en wanvoeding en siektes het uiteindelik demografiese veranderinge in die hand gewerk. Sterftesyfers het dramaties gestyg, geboortesyfers het gedaal en huwelike is onbepaald uitgestel. Militêre ingryping was slegs toelaatbaar waar die massa nie uitmekaar wou gaan nie of waar lewens bedreig is. Persone wat in hegtenis geneem is het net een verweer gehad ". . . the cause . . . is only Bread." (p. 277) Enkele teregstellings het wel voorgekom.

Hulpskemas is op die been gebring. Sondae na kerk het die armes brood ontvang. Gedurende die herfs het elke gesin 'n voorraad aartappels teen 'n verlaagde prys ontvang, klere is versprei en afgeroomde melk is verskaf. Toegewings is aan swanger werkersklasvrouens gemaak en wanneer brood skaars was, is sop, goedkoop vleis en steenkool verskaf, medisyne is gratis voorsien. Geboue is gehuur waar vrouens en kinders vir 'n verdienste gespin en gebrei het. Kort voor lank het hierdie hulpadministrasie egter bankrot gespeel.

Die outeur noem dit die mees traumatiese dekade in die moderne Britse geskiedenis. Die sosio-ekonomiese krisis het die beperkings van die mag van die regering in die laat 18de eeuse Engeland ontbloot. In 'n sekere mate was die staat nie by magte om rus en vrede af te dwing nie. Teen 1790 was die Engelse ekonomie reeds te volwasse en dinamies om summier tot niet te gaan. Die materiële vereistes wat die oorlog gestel het, was 'n goeie stimulant. Koöperatiewe sake het ook tot stand gekom. Dit het egter 'n tweede hongersnood gekos alvorens die politieke wil daar gestel is om die statistieke van die bevolkingsgetalle onder die loep te neem en die mense bewus te maak dat iets soos "nasionale belange" vooropgestel moet word.

Die outeur het beslis sy oogmerke in hierdie publikasie bereik. Nuttige verbande is getrek. Die feite is deeglik verantwoord en die verwysings kom hoofstukgewys na die laaste hoofstuk voor. Uit die aantal verwysings, pp. 340-402, blyk die deeglikheid van die navorsing duidelik. Die magdom aanhalings is goed gekies en dit is nie steurend in hierdie publikasie nie aangesien dit 'n bepaalde atmosfeer verleen. Die aanhalings is slegs geïndenteer en nie gekursifeer nie, dus word die leesgang van die publikasie nie beïnvloed nie.

In die bylaes word nuttige tabelle aangegee waar graandiëte, voedselsubstitute en gesinsbegroting aangedui word. 'n Kaart toon die plekke waar radikale organisasies ontstaan het en daar is twaalf grafieke wat die prysstygings of -dalings in graansoorte aandui. Die register is 'n nuttige hulpmiddel in die naslaanproses.

Die publikasie is stewig in 'n hardeband met 'n stofomslag gebind. Die bladuitleg is keurig gedoen en die lettertipe en -grootte is goed gekies. Die taal en styl is keurig, die teks lees vlot en slegs enkele proefleesfoute is opgemerk, byvoorbeeld "sta(n)dards" op p. 22.

Wretched faces . . . kan met vrymoedigheid vir historici en kultuurhistorici aanbeveel word. Dit behoort ook interessante leesstof aan enige leser te bied wat in die huidige wêreldtoestande belangstel, aangesien die tema vandag nog net so relevant is. Nuttige verbande kan oor die twee eeue getrek word.

JOEY WILMANS

Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria

D'A. MANDER

Mander's march on Rome

1987

149 pp.

R49,95 (GST excluded)

Modern commentators frequently refer to 20th century war as 'total war', signifying the fact that it is an affair of the masses. Yet, for the individual it remains an intensely personal experience, which is magnified and enhanced for those who bear the brunt of the battle. The consequence is that for nearly all men their participation in battle remains the most vivid experience of their lives. They never live as intensely again in peace time.

However, the effect of the involvement of large numbers in modern war is that most servicemen have similar experiences. We are told of the call-up, the basic training, and the violently fluctuating pace of involvement in war. These perceptions, important to the individual, are to be found in most personal accounts. However, for the reader there is the danger that the unique will be obscured by the repetition of many apparently similar experiences. It is therefore a pity that Colonel Mander delayed writing the

account of his escape from an Italian POW camp and his experiences in Rome because of the somewhat unperceptive review mentioned in his preface.

The short-comings of his account can be directly traced to the delay in recording his experiences in World War II.

The account is decidedly attenuated in its impact and certain events which would be of considerable interest are presented in an ill-defined form. This is especially the case when Colonel Mander deals with the capture of Geralleutenant Cruwell (Co-ordinating Commander of 15 Rifle Regt and X and XXI Italian Corps). It is difficult to believe that with his experience of European armies he would not have realized that a very important German officer had been captured. The amusing manner in which the incident is narrated detracts from its value.

The delay in writing has resulted in other failings. The account lacking in continuity, resembles to a certain extent an interesting series of episodes which leaves one wondering what has been omitted.

Further, one is left to ponder at the degree to which Colonel Mander had been influenced by hindsight.

However, bearing these defects in mind, one should redress the balance of criticism by stating that Colonel Mander has provided us with an interesting account of his experiences. He portrays personalities in a few words, economically furnishing the reader with a clear idea of their character and motivation. In this regard it is interesting to note the First World War mentality of the lieutenant-colonel on the aircraft in failing to initiate Mander's escape plan. This mentality was also evident in the attitude of the senior British officer in the POW camp where Mander was held. The former's concern with facilitating repatriation, based on his First World War experience, reveals an astounding lack of perception with regard to the realities of the Italian situation. It may be argued that these attitudes indicate that the Western allies lacked the ruthlessness required to wage total war. The major issue raised by Mander is the failure of the Allies to take decisive action with regard to the Allied POWs in Italian hands. This would appear to be another example of the almost amateurish approach to the campaign which some elements of the Allied Command adopted.

Mander's impressions of post-Mussolini Italy will be of considerable interest to anyone studying the Italian campaign. The atmosphere that is evoked renders his account more significant than simply an exciting escape story and will need to be taken cognizance of in any realistic and comprehensive analysis of the Italian campaign.

With regard to format and structure, failure in providing an index has limited the value of the book as a work of reference. This is especially to be regretted as his march on Rome deals with interesting events and personalities.

In conclusion: Colonel Mander is to be congratulated in giving us a very useful insight into the causes of the Italian collapse and the tempo of life in post-Mussolini Italy.

H.R. PATERSON

S.A. National Museum of Military History, Johannesburg